Laerskool Nelspruit

013 752 8148/9
H/V Henshall & van der Merwe Street
nellies@nellies.co.za
www.laerskoolnelspruit.co.za

Geagte ***Lowveld Medical Arts and Cultural Society,***

**Baie dankie vir u barmhartigheid!**

Laerskool Nelspruit, wil graag ons hartlike dank betuig vir die ongelooflike donasie van R10 000 wat u aan die Nellie Spens gemaak het vir ons Desembervakansie kospakkies. Hierdie waardevolle bydrae sal gebruik word om die vleis in ons kospakkies te verseker, wat vir elkeen van ons Nellie gesinne in nood 'n groot verskil gaan maak in hierdie feestyd.

U seën ons nie net met 'n materiële geskenk nie, maar ook met 'n gebaar van omgee en gemeenskapsbetrokkenheid. U steun sal help om die behoeftiges in ons skool te ondersteun en 'n bietjie lig en hoop in hierdie uitdagende tye te bring.

Ons waardeer u deernis en samewerking en voel bevoorreg om deel te wees van so 'n gee-gemeenskap. Weereens, baie dankie vir u groothartigheid en die positiewe impak wat u op die Laeveld-gemeenskap het.

Mag u 'n geseënde en vreugdevolle feestyd hê!

Nellie groete,

Marla Louw
**Maatskaplike Werker**
Laerskool Nelspruit